Donderdag **17**

**SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 14:22-33**
**FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 14:31**

**Petrus – gered ten spyte van sy kleingeloof**

As daar een was wat dit sou waag om uit die skuit te klim, is dit Petrus, die rotsman. Soms dink mense verkeerdelik aan Petrus as bloot impulsief en onnadenkend. Ons moet tog mooi raaksien dat Petrus die Here vertrou het soos nie een van die ander dissipels nie. Daardie aand was weereens 'n bewys daarvan. Hulle sit dan ewe droog in die skuit! Dit het geloof geverg om uit daardie skuit te klim. Sou jy dit daardie aand gewaag het om uit die skuit te klim? Petrus oorwin egter sy kleingeloof terwyl die ander bly sit.

Wanneer Petrus sy fokus van Christus wegneem en die wind en die golwe sien, begin sy geloof te wankel. Kyk nou mooi na die volgorde van die gebeure. Christus steek dadelik sy hand uit na die kleingelowige Petrus, en dan vermaan Hy hom oor sy kleingeloof. Christus sê nie vir Petrus "Ek red jou eers as jy ophou twyfel" nie, Ek red net diegene wie se geloof sterk genoeg is nie.

Dink ons nie soms so aan die Here nie? Dat Hy net mense help wie se geloof sterk genoeg is? Dit openbaar die Here egter duidelik: dat Hy juis sy kleingelowige kinders red. Watter gelowige se geloof het nie al diep gewankel nie? Sy genade gaan egter ons kleingeloof te bowe. Hy blus nie die dowwe lamppit en Hy breek nie die geknakte riet nie. As die onverskrokke rotsman, Petrus, geteister kon word deur kleingeloof, hoeveel te meer nie ons nie?

Dis egter vir swakkelinge soos ons dat Hy aan die kruis betaal het. Hy gee aan mense soos ons sy Heilige Gees om ons aan sy beloftes te herinner. Dan kan ons ook in ons kleingeloof roep: Here, red my! Hy het dit aan Petrus bewys. Daarom kan jy vertrou dat Hy dit aan jou ook sal doen.

*Sing: Psalm 146:3, 5, 6*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Cachet)*